# Fidelis Beursfonds

**Doelstelling:**

Die Fidelis Beursfonds het ten doel om finansiële ondersteuning in die vorm van beurse aan leerders van die Hoër Meisieskool Bloemhof, wat aan die Universiteit Stellenbosch (US) studeer, te bied.

## 1. Basiese voorwaardes en prosedure

Finansieel behoeftige leerders/studente met verdienste sal elke jaarliks aan die Beurskomitee voorgelê word.

**Verdienstelikheid**:

Leerders/studente wat ten spyte van uitdagings en omstandighede, die nodige deursettingsvermoë, pligsgetrouheid en selfdissipline aan die dag lê, word aangemoedig om aansoek te doen.

Slegs studente met ñ gemiddelde punt van 70% of meer sal vir die beurs in aanmerking kom.

**Behoeftigheid:**

(a) Leerders wat vir finansiële bystand vanaf die NSFAS kwalifiseer omdat die ouers/voogde ñ gesamentlike bruto inkomste van minder as R350 000 (of soos jaarliks deur NSFAS bepaal) per jaar verdien, kan vir die beurs aansoek doen.

(b) Leerders/studente wat in die sogenaamde verlore middel kategorie val kan vir die beurs aansoek doen

In alle gevalle moet leerders/studente die nodige finansiële inligting en stawende dokumentasie van hul ouers verskaf (soos per aansoekvorm) ten einde die US in staat te stel om die ouers se beraamde bruto inkomste per jaar te kan verifieer.

**Verdere vereistes:**

Die kandidate moet ‘n volle akademiese lading volg en aan die minimum akademiese vereistes van die betrokke program voldoen. Beurse kan in opeenvolgende akademiese jare aan die dieselfde kandidaat toegeken word, met dien verstande dat die beurshouer elke jaar aan die miniumvereistes vir hertoelating as student voldoen.

## 2. Aansoekproses

Nominasies van verdienstelike studente sal deur die Hoër Meisieskool Bloemhof uit die poel van aansoeke gemaak word en aan die Beurskomitee van die Fidelis Beursfonds vir goedkeuring voorgelê word.

Bestaande beurshouers – Beurse word voortgesit vir die normale duur van die graadprogram op voorwaarde dat die student elke jaar aan die minimum hertoelatingsvereistes voldoen.

Leerders/studente moet steeds by die US se Sentrum vir Voorgraadse Beurse vir ander befondsingsgeleenthede aansoek doen. Dit sal onder andere verseker dat die leerder/student se ouers/voogde se inkomste geverifieer word.

## 3. Beurskomitee

Die Beurskomitee sal bestaan uit die skoolhoof van die Hoër Meisieskool Bloemhof, die betrokke graadhoof van die Hoër Meisieskool Bloemhof, me Erna Meaker, me Lorraine Coetzee en twee verteenwoordigers van die Universiteit Stellenbosch. Indien me Meaker en/of me Coetzee vir welke rede ookal nie instaat is om as lede van die beurskomitee op te tree nie, sal die Meaker-familie 'n nuwe verteenwoordiger in elkeen se plek aanwys. Die komitee kan ook soos nodig geag, jaarliks addisionele lede koöpteer.

## 4. Waarde van beurs

Vir leerders/studente wat befondsing vanaf NSFAS ontvang, sal die Fidelis beurs as ñ aanvullende beurs tot die NSFAS befondsing toegeken kan word. Die NSFAS befondsing plus die Fidelis beurs sal egter gesamentlik beperk word tot die US se limiete vir koste van bywoning, wat insluit klasgelde, boekegelde, etegelde en ñ lewenstoelaag. Die waarde van die aanvullende beurs kan volgens die diskresie van die Beurskomitee bepaal word en hoef nie noodwendig die volle NSFAS tekort te dek nie.

Die Beurskomitee kan die waarde van beurse vir leerders/studente wat in die sogenaamde verlore middel kategorie val, jaarliks volgens hulle diskresie vasstel. Die beurs behoort egter jaarliks ten minste gelykstaande aan klasgelde plus ñ vasgestelde toelaag vir handboeke te wees. Dit is egter die Beurskomitee se diskresie om die beurs in ñ gegewe jaar tot ñ volkostebeurs (beperk tot die Universiteit se limiete) te verhoog. Indien die student handboeke teen minder as die toelaag kan bekom, kan die restant van die toelaag volgens die diskresie van die student aangewend word.

Navrae kan gerig word aan Louise Joubert by louise@bloemhofschool1.co.za